Conquesta 2014

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)
Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika
Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074
E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com

Afrikaans 1 *(Huistaal)* – Graad 7

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood deur **SLEGS** 'n **swart of blou balpunt– of swart kokipen** te gebruik. *(Moet asseblief nie potlode, kleurpotlode, glimpenne, flaterwater of gom gebruik nie.)* Byvoorbeeld, as die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood. *(Sien voorbeeld 1 hieronder.)* Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word *(Sien voorbeeld 2 hieronder.)*

Voorbeeld 1:-

4.	a	b	●	d

Voorbeeld 2:-

4.	a	●	✗	d

Hollywood-celebs se vreemde stokperdjies.

Angelina Jolie

Ons weet Angelina het 'n donker kant en haar versameling dolke bevestig dít. Sy versamel dit al sedert haar tienerjare!

Rod Stewart

Die *rock*-ster se vrou Penny Lancaster het hierdie stokperdjie al bevestig: Rod is mal oor speelgoedtreine. Wanneer hy op toer is, vra hy dat 'n tafel met sy treine agter die verhoog opgestel kan word. Raar, maar waar!

Johnny Depp

Johnny versamel glo poppe van bekendes en versier dit met items wat hul situasie voorstel. Hy het blykbaar 'n Lindsay Lohan-pop waaraan hy 'n enkel-monitor gesit het terwyl sy onder huisarres was. Ander poppe sluit in Elvis, Johnny Cash en Beyoncé. Hierdie stokperdjie is self vir dié eksentrieke ster 'n bietjie aangedik!



Tom Cruise

Om die aap uit die mou te laat oor Tom: hy het 'n kamer in sy huis waarin hy sy skermkuns kan oefen.

Katie Holmes

Katie geniet handwerk soos naaldwerk! Haar eks-man, Tom **(bo)** het vir haar 'n naaimasjien gekoop. En sy geniet dit om saam met haar dogter, Suri, te werk! So spaar sy finansieel geld.

Simon Cowell

Dié kwaai Idols-beoordelaar is dol op tekenprente en om boom te klim! Tekenprente soos *The Flintstones* en *The Jetsons* plaas hom in 'n goeie bui – dalk moet hy 'n bietjie meer animasie kyk!

Leonardo DiCaprio

Anders as Johnny Depp, versamel Leo nie poppe nie, maar beeldjies. Sy gunstelinge sluit in *Star Wars*-beeldjies en 'n *He-Man*-beeldjie van 1982.

Bestudeer die artikel oor *Hollywood-celebs se vreemde stokperdjies*, deur Mila Kunis en beantwoord vrae 1–28.

1. Watter selfstandige naamwoord word van die werkwoord *'versamel'* gevorm?
(a) versamelde (b) geversamel
(c) fondsinsameling (d) versamelaar

2. Die intensiewe vorm van *'donker'*, is .....
(a) swartdonker. (b) gietdonker.
(c) pikdonker. (d) dooddonker.

3. Die verkleiningsvorm van *'versameling'*, is .....
(a) versamelintjie. (b) versamelinkie.
(c) versamelingtjie. (d) versamelingetjie.

4. *'Dolke'* is .....
(a) dvd's. (b) vertalings.
(c) wapens. (d) vervoermiddels.

5. Die dolk-idioom wat na ernstige smart verwys, is:
(a) Ek versamel dolke.
(b) Waar daar 'n dolk is, is daar 'n wolk.
(c) Dis 'n dolk deur my hart.
(d) 'n Angeli-dolk hê.

6. Die homoniem van *'kant'* in die leesteks, is:
(a) Die bloes is van ingevoerde kant gemaak.
(b) Elke wolk het 'n goue rand.
(c) Die struktuur kantel.
(d) Ek is gekant teen toetse skryf.

7. Waar word *'sedert'* as 'n voorsetsel en nie as 'n voegwoord nie, gebruik?
(a) Sedert sy 'n tienerjarige was, het sy dolke versamel.
(b) Sedertdien het sy baie dolke bymekaar gemaak.
(c) Sedert sy dolke versamel, het sy in aksieflieks begin belangstel.
(d) Sedert haar tienerjare versamel sy dolke.

8. Wat is die enkelfout van *'tienerjare'*?
(a) tienjaar (b) tienerjaar (c) tienjare (d) tien jaar

9. Wat is die verkleiningsvorm van *'rock-ster'*?
(a) rock-stertjie (b) rock-sterrekie
(c) rock-sterriekie (d) rock-sterretjie

10. Wat is die meervoud van *'Jolie'*?
(a) Jolie's (b) Jolieë
(c) Jolies (d) Jolie-e

11. Wat is die enkelvoud van *'speelgoed'*?
(a) spelgoed (b) speelgoeë
(c) speelding (d) speelling